MAANDELIKSE MARKVERSLAG NOVEMBER 2020

BELEGGINGS • AFTREEBEPLANNING • BUITELANDSE BELEGGINGS
BELASTINGBEPLANNING • BOEDELBEPLANNING • LEWENSVERSEKERING

BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH





# INTERNASIONALE MARKTE
## - VSA VERKIESING PLAAS MARKTE ONDER DRUK

**Nuusberigte is in Oktober deur twee kwessies oorheers – die Amerikaanse presidentsverkiesing en stygings in die aantal COVID-19 gevalle in verskeie Europese lande. Markte het vir die grootste deel van die maand geen beduidende rigting gehad nie maar toe nuwe inperkingsmaatreels in Europa aangekondig is teen die eine van die maand, het sentiment negatief gedraai.**

Die drie vernaamste Amerikaanse indekse het maand op maand dalings aangeteken. Die S&P 500 het vir die tweede agtereenvolgende maand swakker gevaar en die maand 2.8% laer afgesluit (jaar tot datum +1.2%). Die Dow Jones nywerheidsindeks het 4.6% laer gesluit, die indeks se swakste vertoning sedert Maart vanjaar. Die Dow is jaar tot datum 7.1% laer. Die Nasdaq, wat gewoonlik beter as die ander indekse vaar, het vir die eerste keer maand op maand gedaal (-2.3%) maar is jaar tot datum steeds positief op +21.6%.

Wat ekonomiese data betref is bekend gemaak dat die Amerikaanse BBP in die derdie kwartaal verbeter het en ‘n groeikoers van 7.4% is vir die kwartaal bekend gemaak, baie beter as die 9% daling wat vir die tweede kwartaal aangekondig is. COVID-19 verwante inperkings het veral in die tweede kwartaal ‘n skerp impak op ekonomiese aktiwiteit gehad.

Ondanks die beter derde kwartaal word daar algemeen verwag dat die Amerikaanse ekonomiese groeikoers vir die jaar swakker gaan wees. Die werkloosheidsyfers lyk ook nie watwonders nie en 751 000 mense het in Oktober vir hulp aansoek gedoen. Daar is reeds 22.6 miljoen Amerikaners wat een of ander werk-loosheidvoordeel ontvang.

## SKERP MARK-REAKSIE OP STYGINGS IN COVID-19 GEVALLE IN EUROPA

**Europese markte het in Oktober glad nie goed gevaar nie na ‘n sogenaamde tweede golf van COVID-19 infeksies daartoe gelei het dat verskeie lande nuwe inperkingsregulasies in werking gestel het. In die VK het die FTSE 100 die maand 4.9% laer afgesluit (-26.1% jaar tot datum). Die DAX in Duitsland het die maand 9.4% laer gesuit (-12.8% jaar tot datum) en in Frankryk het die CAC met 4.4% gedaal (-23.1% jaar tot datum).**

In Asië het die Nikkei maand op maand met 0.9% gedaal (-2.9% jaar tot datum). Die Shanghai Saamgestelde Indeks het die maand net-net beter afgesluit op +0.2% (+5.7% jaar tot datum) en die Hang Seng in Hong Kong het maand op maand met 2.8% gestyg, hoewel dit jaar tot datum 14.5% laer is. Ekonomiese herstel in China duur voort en positiewe vervaardigingsyfers is bekend gemaak.

# PLAASLIKE MARKTE
## - LOUWARM REAKSIE OP MEDIUMTERMYN BEGROTING

**Daar was groot verwagting van ekonome, kommentators en Suid-Afrikaners dat die Minister van Finansies, Tito Mboweni, in sy mediumtermyn begrotingsaankondiging duidelik gaan uitspel hoe die SA ekonomie beter bestuur gaan word. Nóg 'n reddingsboei vir die nasionale lugdiens het baie aandag getrek, veral aangesien daardie besluit beteken dat die begrotings van verskeie ander staatsdepartemente besnoei moet word, en gevolglik het 'n sterk boodskap rakende die land se geldsake nie gebeur nie.**

Business Times het berig dat die begroting 'n louwarm ontvangs gekry het en daarop gewys dat ekonome en graderingsagentskappe bekommerd is oor die risikos verbonde aan die implementering van die begroting. "Fitch se reaksie was dat die stablisering van die land se skuld grootliks gaan afhang van moeilike onderhandelinge met staatsdiensvakbonde. Moody's verwag dat die land se skuldsituasie erger gaan wees as wat die regering in sy voorspellings uiteengesit het," aldus die koerant.

## JSE VOLG INTERNASIONALE MARKTE LAER

**Die JSE het weereens gesukkel en wêreldmarkte laer gevolg en die FTSE JSE Indeks van Alle Aandele het Oktober 4.8% laer afgesluit (-9.5% jaar tot datum). Die aandeelpryse van verskeie groot maatskappye soos British American Tobacco (-13.4%), BHP Group (-13.0%), Richemont (-9.9%), Glencore (-8.0%) en Annheuser Busch Inbev (-7.0%) het dalings aangeteken. Die aandeelpryse van Naspers en Prosus het maand op maand met onderskeidelik 6.8% en 5.5% gestyg. Die Resi-10 het maand op maand 11.4% laer gesluit (-3.9% jaar tot datum) en die Fini-15 was 6.1% laer (-39.7% jaar tot datum). Die Indi-25 het die maand positief afgesluit op +0.3% en staan jaar tot datum op +6.0%.**

Konstruksie-groep Murray & Roberts was die beste vertoner vir die maand en die aandeelprys van dié maatskappy het 51.7% hoër as in September gesluit. Multichoice (+38.8%) was in die tweede plek nadat die maatskappy bekend gemaak het dat die Franse groep Canal+ 'n 6.5% aandeel in die grootse satelliet televisiediens in Afrika bekom het. African Oxygen (Afrox +33.4%) was in die derdie plek nadat aangekondig is dat die grootste aandeelhouer in die maatskappy, nywerheidsgas en ingenieursgroep Linde, 'n aanbod vir die maatskappy gemaak het.

Sasol (-35.1%) het die swakste gevaar in Oktober en dit wil voorkom of die aandeelprys van dié maatskappy vir 'n hele ruk teen minder as R100 per aandeel (dit was in Junie R170 per aandeel) gaan verhandel. Sasol het 'n verskeidenheid terugslae beleef in 2020 wat druk op die aandeelprys geplaas het. Konstruksiegroep WBHO was in die tweede plek met 'n daling van 23.8% en Investec Property Fund was in die derde plek met 'n daling van 18.1%.

Die inflasiesyfer het in September tot 3% (jaar op jaar) gedaal, die laagste in drie maande maar steeds binne die Reserwebank se teiken van 3% tot 6%. Die syfer was in Augustus 3.1% jaar op jaar en in Julie 3.2% jaar op jaar. Die rand het die maand 3% hoër op R16.24/$1 afgesluit maar is jaar tot datum 16% laer teenoor die dollar.

**SLIM WENK: Onthou om jou welvaartbestuurder van enige veranderinge in jou persoonlike besonderhede – woonadres of kontakbesonderhede – in kennis te stel. Hou ook in gedagte dat jou persoonlike finansiële plan aangepas moet word as jou omstandighede verander.**

## PRESIDENT MAAK EKONOMIESE GROEIPLAN BEKEND

**President Cyril Ramaphosa het laat in Oktober ‘n nuwe ekonomiese herstelplan vir die land bekend gemaak, met die verwagting dat dit ekonomiese groei binne die volgende dekade tot 3% sal laat toeneem. Die President se aankondiging het baie min nuwe besonderhede vervat en daar was geen sterk positiewe hoogtepunte nie (hoewel kommentators daarop gewys het daar ook nie veel negatiewe kwessies ingesluit was nie). Verskeie ekonomiese herstelplanne is reeds vir jare aangekondig en beleggers wonder of hierdie nuwe plan enigsins beter as die verskeie vorige planne gaan vaar.**

Die vervaardigingsektor het nog ‘n goeie maand gehad, soos in die Absa aankopersindeks bekend gemaak is. Aldus die verslag, wat in samewerking met die Universiteit van Stellenbosch se Buro vir met Ekonomiese Navorsing saamgestel word, het die indeks in Oktober tot ‘n historiese hoogtepunt gestyg. Kommentators het wel gewaarsku dat die herstel dalk kan verswak danksy swakker handelstoestande in verskillende handelsvenote waar COVID-19 gevalle besig is om te styg. Die indeks, wat sake-omstandighede in vervaardiging meet, het in Oktober op 60.9 indekspunte gestaan teenoor 58.35 in September.

Die voertuigbedryf het ook verder verbeter. Syfers wat deur die Nasionale Vereniging van Voertuigvervaardigers (Naamsa) bekend gemaak is toon dat ‘n totaal van 37 752 nuwe voertuie in Oktober verkoop is. Dit is die vierdie agtereenvolgende maand van beter syfers danksy die verligting van inperkingsmaatreels, maar is steeds 25.4% laer as die totaal vir Oktober 2019.

Die verkoopsyfers van passasiersvoertuie was 25% laer as in Oktober verlede jaar maar beter as in September. Die verkope van ligte handelsvoertuie was in totaal 9 644, wat 27.8% minder is as in Oktober 2019.


*Bronne: Anchor Capital; Business Day; Wheels24: Business Times: JP Morgan*

## MAAK SEKER BESONDERHEDE EN FINANSIËLE PLAN BLY OP DATUM

Wanneer persoonlike omstandighede verander is dit belangrik om ’n finansiële plan en beleggingstrategie aan te pas. Egskeidings of sterftes of ander groot lewensgebeure het altyd ’n impak op persoonlike finansies. Hou ook in gedagte as jy verhuis of van werk verander dat jou nuwe besonderhede met jou finansiële adviseur en ander finansiële diensteverskaffers opgedateer moet word. ’n Ander belangrike element van ’n finansiële plan wat gereeld hersien moet word is ’n testament.

## NUUSFLITS – SLIM WENK

Om die titel as die **Beste Boetiek Welvaartbestuurmaatskappy 2020,** soos deur Intellidex toegeken, te vier het Brenthurst Wealth in September ’n spesiale verslag in Financial Mail gepubliseer. Lees die volledige verslag en alles rakende ons beleggingsbenadering en ons span hier: [Brenthurst Wealth Corporate Report.]




**MAAK SEKER DAT ‘N BELEGGINGSTRATEGIE EN FINANSIËLE AANGEPAS WORD AS OMSTANDIGHEDE VERANDER**


| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| JOHANNESBURG | +27 (0) 11 799 8100 | PRETORIA | +27 (0) 12 347 8240 | CLAREMONT | +27 (0) 21 418 1236 | STELLENBOSCH | +27 (0) 21 882 8706 |
| SANDTON | +27 (0) 10 035 1391 | CAPE TOWN | +27 (0) 21 418 1236 | BELLVILLE | +27 (0) 21 914 9646 | MAURITIUS | 00 230 5843 5215 |